Hardloop vir Bybels vuur atlete aan

"Don't pause when you run for a cause."

Dit is die leuse wat Douw Prinsloo uitgedink het terwyl hy besig was om vanjaar se Comrades Marathon te hardloop.

Dit was Douw se vierde Comrades en die tweede een wat hy vir Bybels hardloop.

"Ek is baie opgewonde oor die *Hardloop vir Bybels*-projek. Dit gee my die geleentheid om die Bybelgenootskap te ondersteun en om so 'n verskil in ander mense se lewens te maak. Elke kilometer wat ek hardloop beteken dat iemand se lewe moontlik kan verander. Dit is waaroor dit regtig vir my gaan," het 'n entoesiastiese Douw vertel.

En as daar een ding is wat mense se lewens kan verander, is dit die Woord van God.

"Die Bybel is regtig vir my baie belangrik. Dit vorm die basis van my lewe. As 'n wedergebore Christen is dit die fondasie van wie ek is en waarvoor ek elke dag leef," voeg Douw by.

Nog iemand wat tydens sy 24ste Comrades vir Bybels gehardloop het, is Johannes Magudulela.

"Dit is vir my baie belangrik dat die Goeie Nuus almal moet bereik en daarom help ek graag die Bybelgenootskap met Bybelverspreiding," het Johannes gesê. Hy voeg by dat byna helfte van sy wedlope al ter ondersteuning van die Bybelsaak was.

> "Dit is vir my baie belangrik dat die Goeie Nuus almal moet bereik ..."

"Mens moet jouself aan God se Woord blootstel want die wêreld is so korrup en sonder die Bybel gaan jy nie regkom nie. Met die Bybel sal jy oorwin. Niemand sal hardloop of veg sonder die regte mondering nie en die Bybel is soos jou mondering. As jy jouself met die Bybel bewapen sal jy oorwinning behaal."

Johannes reël ook wedlope in en om sy tuisdorp om fondse vir Bybels in te samel en om bewusmaking van die Bybelgenootskap te skep.

"Dit is nogal pret wanneer die

atlete wat eerste kom geld verwag en hulle ontvang 'n Bybel as prys. Ek gee egter veel eerder vir iemand 'n Bybel wat hom na die ewige lewe kan lei as geld wat tydelik is en nie jou wonde kan genees nie."

Onder sy Hardloop vir Bybels-atlete tel die Bybelgenootskap ook vir Louis Massyn, 'n Comrades-legende, wat vanjaar sy 45ste Comrades gehardloop het. Louis sê: "Dit is vir my 'n voorreg om deel te wees van die Bybelgenootskap en om vir hulle fondse in te samel. Ek het vanjaar sover al R10 000 vir Bybels ingesamel, en hoop dat dit sal help om vir baie mense 'n Bybel in die hand te gee."